| Sal jy die perd vir verkoop *opsit.* | **aanbied** |
| *Sit* dit op skrif. | **stel** |
| Met die val het hy sy vinger *uitgesit.* | **gestuit** |
| Hy sal hom *uitsit* om dit te doen. | **inspan** |
| Hulle sal die prys *opsit.* | **verhoog; opslaan** |
| Ons sal hom *opsit* vir die nag. | **herberg** |

| | |
|---|---|
| *Sit* hom op die bed neer. | **lê** |
| Hy *sit* 'n rapport in. | **dien** |
| Hy *sit* die radio in orde. | **bring** |
| Gaan jy om verlof *insit*? | **vra** |
| *Sit* die sin in Afrikaans. | **vertaal** |
| Ek kan dit nie in woorde *sit* nie. | **beskryf; uitspreek** |
| Hy *sit* 'n koeël deur die dief se lyf. | **ja** |
| Hulle sal die vuur *uitsit*. | **blus** |
| 'n Werk *deursit*. | **voltooi; klaarmaak** |
| Jy sal my *afsit* as jy gedurig tussenin praat | **van stryk bring; hinder** |
| Die sentrale het my gou *deurgesit*. | **aangesluit** |

## (6) SÊ

| | |
|---|---|
| „Is jy hier?" *sê* vader. | **vra** |
| Nou sal ek mooi *sê* hoe jy die werk moet aanpak. | **uitlê; verduidelik; verklaar** |
| Hy *sê* toe baie hard: „Kan jy my daar onder by die dam hoor?" | **skree** |
| As jy weer skryf, moet jy my *sê* hoe jy die vakansie deurgebring het. | **vertel** |
| Jan *sê* niks daarvan in sy brief nie. | **meld** |
| Wat sal jy *sê* as hy jou dit vra? | **antwoord** |
| „Soldate," *sê* die offisier, „julle moet raak skiet." | **beveel** |
| Wil jy waarlik *sê* dat jy hom nie ken nie? | **beweer; te kenne gee** |
| Ek stry nie meer nie. Ek moet *sê* dat Ek dit gedoen het. | **erken; beken** |
| „As ek hard praat, sal die onderwyser my hoor," *sê* Jan. | **fluister** |
| „O toggie, dis so seer!" *sê* Jan. „Ek kan my trane nie inhou nie." | **huil; snik** |
| „Ja," *sê* hy sodat ek hom byna nie kan hoor nie. | **mompel; prewel** |
| „O," *sê* die soldaat, „ek kan die pyn van die wond nie langer uithou nie." | **steun; kerm; kreun** |

## (7) DOEN

| | |
|---|---|
| Het jy jou werk al *gedoen*? | **voltooi; klaargemaak** |
| Skade *doen* | **aanrig** |
| 'n Reis *doen* | **aflê** |
| (Self)moord *doen* | **pleeg** |
| Weerstand *doen* | **bied** |
| Getuienis *doen* | **aflê** |
| 'n Heldedaad *doen* | **verrig** |
| Verraad *doen* | **pleeg** |
| Die terugtog *doen* | **aanvaar** |
| Pligte *doen* | **nakom** |
| 'n Besoek *doen* | **aflê** |
| Verbeterings *doen* | **aanbring** |

| | |
|---|---|
| 'n Taak *doen* | **verrig** |
| Verslag *doen* | **lewer** |
| 'n Eksamen *doen* | **aflê** |
| Kattekwaad *doen* | **aanrig** |
| Nee, dit sal nooit *doen* nie. | **gaan; betaal** |
| Hulle het dertig myl *gedoen* die tweede dag. | **afgelê** |
| Die misdadiger moes tien jaar tronkstraf *doen*. | **uitdien** |
| Hulle *doen* jou baie goed by daardie kafee. | **bedien** |
| Dis nou 'n geval van: *doen* of sterf. | **oorwin** |
| Hy wil die huis *opdoen*. | **opknap; agtermekaar maak** |

## (8) MAAK

| | |
|---|---|
| Sy *maak* 'n koek. | **bak** |
| 'n Trui *maak* | **brei** |
| 'n Fabriek *maak* motors | **vervaardig** |
| Sy *maak* konfyt. | **kook** |
| Die vuur *maak* | **aanlê; opmaak** |
| Hy sal een van die geselskap *maak*. | **vorm** |
| Sy sal 'n goeie vrou *maak*. | **uitmaak** |
| *Maak* hom dit herhaal. | **laat** |
| 'n Fout *maak* | **begaan** |
| 'n Tjek (rekening) *uitmaak* | **uitskrywe** |
| Hoe *maak* jy dit uit? | **lê** |
| Ek kan hom nie *uitmaak* nie. | **verstaan; wys word** |
| 'n Party *opmaak* | **reël** |
| Hierdie geld sal die bedrag *opmaak*. | **voltooi** |
| Ek hou van die *maak* van die pak klere. | **snit** |
| Watter *maak* motor is dit? | **soort** |
| Is die motor hierdie firma se *maak*? | **fabrikaat** |
| As jy hom nie *maak* nie, sal hy dit nie doen nie. | **forseer** |
| 'n Besoek *maak* | **aflê** |
| Hoe laat *maak* jy dit? | **het** |
| Verlore tyd *opmaak* | **inhaal** |
| Ek kan sy houding nie *uitmaak* nie. | **verstaan; begryp;** |
| 'n Storie *opmaak* | **versin; uit die lug gryp; uit sy duim suig** |
| 'n Skip *maak* | **bou** |
| 'n Besluit *maak* | **neem** |
| 'n Huis *maak* | **bou; optrek** |
| Aansoek *maak* | **doen** |
| 'n Weg *maak* vir jou. | **baan** |
| 'n Volksplanting *maak* | **stig** |
| 'n Wet *maak* | **ontwerp** |
| 'n Opskudding *maak* | **veroorsaak** |
| 'n Tog *maak* | **onderneem** |
| 'n Plan *maak* | **beraam** |

| | |
|---|---|
| 'n Graf *maak* | **delf** |
| 'n Poging *maak* | **aanwend** |
| Reëlings *maak* | **tref** |
| 'n Ooreenkoms *maak* | **tref; aangaan** |
| Protes *maak* | **aanteken** |
| 'n Bondgenootskap *maak* | **sluit** |
| Besware *maak* | **opper** |
| Navraag *maak* | **doen** |
| Kaarte (*om mee te speel*) *maak* | **skommel** |
| 'n Kontrak *maak* | **sluit; aangaan** |
| Vrede *maak* | **sluit** |
| 'n Toespraak *maak* | **lewer** |
| Twee maal twee *maak* vier. | **is** |
| Hy *maak* baie geld. | **verdien** |
| 'n Aanbod *maak* | **doen** |
| 'n Melklappie *maak* | **hekel** |
| 'n Voor na die dam *maak* | **grawe** |
| 'n Versoek *maak* | **rig** |
| 'n Soom *maak* | **naai** |
| 'n Put *maak* | **delf** |
| 'n Draadheining *maak* | **span** |
| 'n Lys van name *maak* | **uitskryf** |
| Verlore geld *opmaak* | **goedmaak** |
| 'n Vergelyk *maak* | **tref** |
| 'n Kaart *maak* | **teken** |
| Oorlog *maak* | **voer** |
| Eise *maak* | **stel** |
| 'n Indruk *maak* | **verwek** |
| 'n Standbeeld *maak* | **beeldhou** |
| Ondersoek *maak* | **instel** |
| 'n Proklamasie *maak* | **uitvaardig** |
| Verbeterings *maak* | **aanbring** |
| 'n Voorstel *maak* | **indien** |
| 'n Voorwaarde *maak* | **stel** |
| 'n Verdrag *maak* | **onderteken; aangaan** |
| 'n Klagte *maak* | **indien** |
| Reëlings *maak* | **tref** |

## (9) STOP

| | |
|---|---|
| Perde wat weghardloop, *stop* | **voorkeer** |
| Ek *stop* my ryperd. | **hou in** |
| 'n Motor *stop* | **tot stilstand bring** |
| My oorlosie het *gestop* | **gaan staan** |
| 'n Motor *stop* teen 'n opdraand | **kom tot stilstand** |
| *Stop* hom om dit te doen. | **belet** |
| *Stop*! Ek is moeg daarvoor. | **hou op!** |
| Hy sal 'n week by sy neef *stop*. | **bly; kuier** |
| Die man *stop* sy werk. | **staak** |
| Die saak sal nie daarby *stop* nie. | **bly** |
| *Stop* werk! | **staak! hou op!** |

| | |
|---|---|
| Hy sal die gat *stop*. | **toestop** |
| Hoe sal jy sy mond *stop*? | **snoer** |
| Ons sal die bloed gou *stop*. | **stelp** |
| Hy sal my loon *stop*. | **terughou** |
| Die man in die motor het *gestop*. | **stilgehou** |
| Die man het geloop en toe skielik *gestop*. | **stilgestaan; vasgesteek** |
| Ons sal 'n *stop* aan sy rondlopery maak. | **end** |
| Jan *stop* vir niks as hy 'n ding wil doen nie. | **stuit** |
| Niks sal hom *stop* om dit te doen nie. | **keer** |
| Pa het die kaffer se rondlopery snags *gestop*. | **stopgesit** |
| Net buite die dorp het die motor *gestop*. | **gaan staan** |
| Moet my nie *stop* nie, want ek is haastig om die bus te haal. | **ophou; voorkeer** |
| Ek wil by die volgende *stop* afklim. | **halte** |

## (10) SIEN

| | |
|---|---|
| Ek *sien* wat jy bedoel. | **verstaan; begryp** |
| Wanneer kom jy my weer *sien*? | **besoek** |
| Sover soos ek kan *sien*, sal jy hom maar moet betaal. | **insien; oordeel** |
| Ek wil u 'n oomblikkie *sien* asb. | **spreek** |
| Vandag gaan hy die dokter *sien*. | **raadpleeg** |
| Ek sal jou huis toe *sien*. | **vergesel; bring** |
| *Sien* dat jy dit dadelik doen. | **sorg** |
| Laat ek eers *sien*. Waar het ek die hoed gesit? | **dink** |
| Hy het geweier om my te *sien*. | **ontvang** |
| Daardie dag sal jy nooit *sien* nie. | **beleef** |
| Ons moet *sien* wat gedoen kan word. | **kyk** |
| Ek *sien* in die koerant mielies is op prys. | **lees** |
| *Sien* of Jan in sy kamer is. | **kyk** |
| *Sien* dat jy jou voet nie haak nie. | **pas op** |
| Hy het beter dae *gesien*. | **geken** |
| Iemand by die stasie *afsien*. | **gaan groet; wegbring; dagsê** |
| Jy moet die saak *deursien* | **deursit** |

## (11) VANG

| | |
|---|---|
| Koue *vang* | **vat** |
| 'n Verkoue *vang* | **opdoen; kry** |
| Die betekenis van 'n woord *vang* | **begryp; verstaan** |
| 'n Bus *vang* | **haal** |
| Iemand op 'n leuen *vang* | **betrap** |
| Iemand se bedoeling *vang* | **snap** |

## (12) GAAN

| | |
|---|---|
| Die kaffertjie *gaan* kaal. | **loop** |
| Wie *gaan* daar? | **is; loop** |
| Die oorlosie wil nie *gaan* nie | **loop** |

| | |
|---|---|
| Sy brief *gaan* aldus: ,,Ek kom more." | **lui** |
| Een, twee, drie, *gaan*! | **af!** |
| Hy sal nie ongestraf *gaan* nie. | **bly** |
| Een van die werkvolk moet *gaan*, want hy steel. | **trek; loop** |
| Die dyk het gedurende die nag *gegaan*. | **gebreek; gebars; geskeur** |
| Die arme kinders *gaan* honger. | **ly** |
| Die dansparty het goed *gegaan*. | **afgeloop; van stapel geloop** |
| Die kêrel *gaan* in vrees vir sy lewe. | **verkeer** |
| Wie sal vir hom borg *gaan*? | **staan** |
| Hy het later blind *gegaan*. | **geword** |
| Dit *gaan* om te bewys wat ek sê. | **dien** |
| Hy het van sy verstand af *gegaan*. | **geraak** |
| Hulle moet hierdie maand sonder nuwe klere *gaan*. | **klaarkom** |
| Die skip het *afgegaan* | **gesink** |
| In die krieketwedstryd het hy voor my *ingegaan*. | **'n beurt gehad** |
| Die vuur het *uitgegaan*. | **doodgegaan** |
| Laat *gaan* die tou. | **staan** |
| Jy kan nie na sy uiterlik *gaan* nie. | **oordeel** |
| Hy het op sy knieë voor my *gegaan*. | **geval** |
| Hy wil nie in besonderhede *gaan* nie. | **tree** |
| Die klapper het *afgegaan*. | **ontplof** |
| Hy sal onder 'n ander naam *gaan*. | **deurgaan** |
| Het jy 'n model van hierdie tafel waarop ek kan *gaan*? | **afgaan** |
| Hy het in my agting *afgegaan*. | **gesak; gedaal** |
| Hy het baie moeilikhede *deurgegaan*. | **deurstaan; deurleef** |
| Jy moet jou opstel *oorgaan*. | **nasien; nagaan** |

## (13) STAAN

| | |
|---|---|
| Hy kan die pyn nie *staan* nie. | **uithou; uitstaan; verdra** |
| Hy *staan* ses voet drie. | **is** |
| *Staan* die leer teen die muur. | **sit** |
| Ek kan hom nie *staan* nie. | **verdra, veel** |
| Sal hy die drankies *staan*? | **betaal** |
| Hy *staan* eerste in sy klas. | **is** |
| Hierdie sin moet *staan* soos hy geskryf is. | **onveranderd bly** |
| Hy kon die toets nie *staan* nie. | **deurstaan** |
| Ek sal dit doen as jy daarop *staan*. | **aandring** |

## (14) DRAAI

| | |
|---|---|
| *Draai* die bladsy om. | **blaai** |
| In sy moeilikheid het hy hom tot my *gedraai*. | **gewend** |
| Hy *draai* sy boordjie af. | **slaan** |
| Ons was bang die melk sal *draai*. | **suur word** |
| Voorspoed het sy kop *gedraai*. | **op hol gebring** |

| | |
|---|---|
| Ons *draai* more terug. | **keer** |
| *Draai* die petrol af. | **sluit** |
| Dié firma kan mooi meubels *uitdraai.* | **maak; lewer** |
| 'n Paar spelers het nie *opgedraai* nie. | **opgedaag** |
| Alles het goed *uitgedraai.* | **afgeloop** |
| *Draai* die sin in Afrikaans. | **vertaal** |

## (15) GOOI

| | |
|---|---|
| Sy brief *gooi* lig op die saak. | **werp** |
| Om sesuur *gooi* hulle die deure oop. | **maak** |
| *Gooi* jou hande op! | **steek** |
| Hy *gooi* hom op my barmhartigheid. | **beroep** |
| Sy woorde het my in die war *gegooi.* | **gestuur** |
| 'n Kans *weggegooi* | **verlore laat gaan** |
| Hulle sal sy plan *uitgooi.* | **verwerp** |

## (16) BREEK; HOU; PART

| | |
|---|---|
| Hy sal sy reis op Durban *breek.* | **onderbreek** |
| Jy mag nie die wet *breek* nie. | **oortree** |
| Die weer wil *breek.* | **verander** |
| Hulle probeer die vyand se verset *breek.* | **onderdruk** |
| Hy het die bank op Monte Carlo *gebreek.* | **laat spring** |

* * *

| | |
|---|---|
| Hy sal sy belofte *hou.* | **nakom** |
| Hy sal die geheim *hou.* | **bewaar** |
| Die vleis sal nie *hou* nie, want dis te warm. | **goed bly** |
| Hy kon hom nie *inhou* nie; hy moes lag. | **bedwing** |

* * *

| | |
|---|---|
| Ek het sy *part* gekies. | **party** |
| Ken jy hierdie *part* van die wêreld? | **deel** |
| Hy speel sommer 'n *part.* | **rol** |
| Ek het my *part* gedoen. | **plig** |

## (17) DOODGEGAAN

| | |
|---|---|
| Die man het gister *doodgegaan.* | **gesterf** |
| Die perd het gister *doodgegaan.* | **gevrek** |
| Die soldaat het op die slagveld *doodgegaan.* | **gesneuwel** |
| Die blomme het *doodgegaan.* | **verwelk; verlep; vergaan** |
| Die wind het *doodgegaan.* | **gaan lê** |
| In die ongeluk het baie mense *doodgegaan.* | **omgekom; die lewe ingeskiet** |
| Al die stemme het *doodgegaan.* | **geswyg** |
| Die motor se masjien het *doodgegaan.* | **gaan staan** |
| Die vereniging het *doodgegaan.* | **tot niet gegaan; doodgeloop** |
| Die duelleerder het deur die swaard *doodgegaan.* | **omgekom** |
| Die seun het in die dam *doodgegaan.* | **verdrink** |

| | |
|---|---|
| Van al die reën het die aartappels in die land *doodgegaan.* | **bederf; gevrot** |
| Die vlamme het *doodgegaan.* | **weggesterf** |
| Sy roem het *doodgegaan.* | **verdwyn** |
| Sy geduld het *doodgegaan.* | **opgeraak** |
| Die sterre het *doodgegaan.* | **verdwyn; is uitgedoof** |
| Hulle vriendskap het *doodgegaan.* | **geëindig; te niet geraak** |
| Sy goeie invloed het *doodgegaan.* | **verdwyn** |
| Hulle huwelikslewe het *doodgegaan.* | **skipbreuk gely** |
| Van die koue het die kuikentjies *doodgegaan.* | **verkluim** |
| Die bees het in die dam *doodgegaan.* | **versuip** |
| Die gewoonte het *doodgegaan.* | **uitgesterf** |

## (18) DOODGEMAAK

| | |
|---|---|
| 'n Radio *doodmaak* | **afslaan** |
| 'n Kers *doodmaak.* | **doodblaas** |
| Stemme word *doodgemaak* | **gesmoor** |
| Foute in 'n opstel *doodmaak* | **deurhaal** |
| 'n Trein het die kind *doodgemaak.* | **doodgetrap** |
| Die vuur het die kind *doodgemaak.* | **verbrand; doodgebrand** |
| Die wildekat het die kuikens *doodgemaak.* | **doodgebyt** |
| Die luislang het die kaffer *doodgemaak.* | **doodgedruk** |
| Die motor het oor die seuntjie gery en hom *doodgemaak* | **doodgery** |
| Met 'n klip het hy die man op tien tree *doodgemaak.* | **doodgegooi** |
| Met sy geweer het hy die tier *doodgemaak.* | **doodgeskiet** |
| Met sy hoewe het die perd die man *doodgemaak.* | **doodgetrap** |
| Met 'n kussing het die man die kind *doodgemaak.* | **versmoor** |
| Pizarro het baie Indiane in Suid-Amerika *doodgemaak.* | **uitgedelg; uitgeroei; om die lewe gebring; vermoor; verdelg** |
| Met 'n dolk het hy die man *doodgemaak.* | **doodgesteek** |
| Die beuel het die moordenaar *doodgemaak.* | **onthoof; gehang** |
| Hy is deur die guillotine *doodgemaak.* | **onthoof** |
| Die leeu het die bok *doodgemaak.* | **afgemaak; doodgebyt** |
| Die see het die matrose *doodgemaak.* | **verswelg** |
| Die son het die sterre se lig *doodgemaak.* | **uitgedoof** |
| Met wortels het hy sy honger *doodgemaak.* | **gestil** |
| Hy het sy dors *doodgemaak.* | **geles** |
| Sy geesdrif word *doodgemaak.* | **gesmoor** |
| Sy tandvleis is met spuitgoed *doodgemaak.* | **verdoof** |
| Dit het my geluk *doodgemaak.* | **bederf** |
| Dit het sy goeie naam *doodgemaak.* | **beklad** |
| 'n Opstand *doodmaak* | **demp** |

| | |
|---|---|
| Bose begeertes *doodmaak* | **onderdruk** |
| 'n Twis *doodmaak* | **besleg; uit die weg ruim** |
| 'n Persoon se gesag *doodmaak* | **ondermyn** |
| Chloor het hom *doodgemaak*. | **vergas** |
| Die moordenaar het hom *doodgemaak*. | **vermoor** |
| Met wolwegif het hy hom *doodgemaak*. | **vergif** |
| Die son het die jong plantjies *doodgemaak*. | **verseng; verskrompel** |
| Hy het die onkruid *doodgemaak*. | **uitgeroei; vernietig** |
| Sy dade het haar liefde *doodgemaak*. | **uitgedelg** |
| Hy het die wetsontwerp *doodgemaak*. | **verongeluk** |
| Hoe het hy die tyd *doodgemaak*? | **doodgeslaan; omgekry** |

# SAMESTELLINGS

aarde + appel = **aartappel**
aarde + bewing = **aardbewing**
aarde + bei = **aarbei**
aarde + hoop = **aardhoop**
aarde + mannetjie = **erdmannetjie**
aarde + pot = **erdepot**
aarde + skottel = **erdskottel**
aarde + vark = **erdvark**
aarde + wurm = **erdwurm**
ambag + man = **ambagsman**
baas + swemmer = **baasswemmer**
bed + goed = **beddegoed**
bees + kraal = **beeskraal**
blikkie + groente = **blikkiesgroente**
blik + oopmaker = **blikoopmaker**
bliksem + straal = **bliksemstraal**
blind + vlieg = **blindevlieg**
bloed + vergifting = **bloedvergifting**
boek + drukker = **boekdrukker**
boek + kennis = **boekekennis**
boer + beskuit = **boerbeskuit**
boer + tabak = **boertabak**
boer + drag = **boeredrag**
boer + plaas = **boer(e)plaas**
bok + hael = **bokhael**
bok + sprong = **bokkesprong**
bom + aanslag = **bomaanslag**
boom + slang + **boomslang**
brief + kaart = **briefkaart**
brief + bus = **briewebus**
broek + band = **broekband**
broek + knoop = **broeksknoop**
broek + pyp = **broekspyp**
by + korf = **byekorf**
dier + epos = **diere-epos**
dier + kunde = **dierkunde**
dier + lewe = **dierelewe**
dier + tuin = **dieretuin**
dier + verhaal = **dierverhaal**
dood + akker = **dode-akker**
dood + berig = **dood(s)berig**
dood + brief = **doodsbrief**
dood + dans = **dodedans**
dood + hemp = **doodshemp**
dood + kis = **doodkis**
dood + mars = **dodemars**
dood + ryk = **doderyk**
dorp + huis = **dorpshuis**
dorp + grond = **dorpsgrond**
dorp + skool = **dorpskool**
droog + dok = **droogdok**
droog + masjien = **droogmasjien**
droog + wors = **droëwors**
druif + blaar = **druiweblaar**
druif + luis = **druifluis**
druif + konfyt = **druiwekonfyt**
druif + sop = **druiwesop**
eend + eier = **eende-eier**
eer + gevoel = **eergevoel**
eer + kruis = **erekruis**
eet + saal = **eetsaal**
eet + tyd = **etenstyd**
eet + uur = **etensuur**
eeu + oud = **eeu-oud**
eik + boom = **eikeboom**
esel + merrie = **eselmerrie**
esel + werk = **eselswerk**
fee + land = **feëland**
fees + tyd = **feestyd**
gees + krag = **geeskrag**
gees + oog = **geestesoog**
gees + ryk = **geesteryk**
gees + verwant = **geesverwant**
glas + deur = **gla(a)sdeur**
god + diens = **godsdiens**
god + vrug = **godsvrug**
god + taal = **godetaal**
goed + trein = **goederetrein**
goed + wa = **goederewa**
goed + aand = **goeienaand**
gras + saad = **grassaad**
hand + arbeid = **hande-arbeid**
hand + greep = **handgreep**
hand + werk = **handewerk**

hart + leed = **harteleed**
hart + verlamming = **hartverlamming**
held + daad = **heldedaad**
held + stryd = **heldestryd**
hemel + naam = **hemelsnaam**
hemel + ruim = **hemelruim**
hemp + mou = **hempsmou**
hoog + geregshof = **hooggeregshof**
hoog + priester = **hoëpriester**
hoog + skool = **hoërskool**
hoog + veld = **hoëveld**
hoog + water = **hoogwater**
honger + nood = **hongersnood**
hout + kool = **houtskool**
jongetjies + skool = **jongetjieskool**
jongens + skool = **jongenskool**
jakkals + streke = **jakkalsstreke**
kalf + hok = **kalwerhok**
kalf + leer = **kalfsleer**
kalf + liefde = **kalwerliefde**
kalf + vleis = **kalfsvleis**
kind + bybel = **kinderbybel**
kind + deel = **kindsdeel**
kind + dokter = **kinderdokter**
kind + fees = **kinderfees**
kind + skool = **kinderskool**
klip + kraal = **klipkraal**
knoop + gat = **knoopsgat**
koeël + wond = **koeëlwond**
koning + dogter = **koningsdogter**
koning + ryk = **koninkryk**
koning + seun = **koningseun**
koper + myn = **kopermyn**
kop + ent = **koppenent**
laag + land = **laagland**
laag + veld = **laeveld**
laag + water = **laagwater**
laag + wolke = **laagwolke**
lam + boud = **lamsboud**
lam + kraal = **lammerkraal**
lam + skape = **lammerskape**
lam + tyd = **lamtyd**
lam + vanger = **lammervanger**
lam + vleis = **lamvleis**
lam + wol = **lammerwol**
land + engte = **landengte**
land + taal = **landstaal**
leef + tog = **leeftog**
leef + tyd = **leeftyd**
leef + wyse = **leefwyse**
leeu + aandeel = **leeue-aandeel**
leeu + kuil = **leeukuil**
lewe + bloed = **lewensbloed**
lewe + kragte = **lewenskragte**
lewe + loop = **lewensloop**
lewe + lus = **lewenslus**
lewe + skets = **lewenskets**
lewe + taak = **lewenstaak**
lewe + vreugde = **lewensvreugde**
lewe + werk = **lewenswerk**
lid + maat = **lidmaat**
lid + tal = **ledetal**
lied + aand = **liedere-aand**
lied + bundel = **liederbundel**
lied + sanger = **liedsanger**
liggaam + deel = **liggaamsdeel**
man + hemp = **manshemp**
man + kleding = **manskleding**
man + koor = **mannekoor**
man + krag = **mannekrag**
man + moed = **mannemoed**
man + persoon = **manspersoon**
man + skoen = **manskoen**
man + stem = **manstem**
meisie + skoen = **meisieskoen**
mens + kennis = **mensekennis**
mier + hoop = **miershoop**
mode + boek = **modeboek**
mol + hoop = **molshoop**
motor + as = **motoras**
nooi + van = **nooiensvan**
noord + lig = **noorderlig**
noord + pool = **noordpool**
noord + ster = **noordster**
ogie + draad = **ogiesdraad**

| | |
|---|---|
| olifant + tand | =**olifanttand** |
| oog + appel | =**oogappel** |
| oog + dienaar | =**oëdienaar** |
| oog + dokter | =**oogdokter** |
| oog + verblindery | =**oëverblindery** |
| oorlog + berig | =**oorlogsberig** |
| oorlosie + ketting | =**oorlosieketting** |
| oos + grens | =**oostergrens** |
| oos + kus | =**ooskus** |
| oos + lengte | =**ooslengte** |
| oos + wind | =**oostewind** |
| orkes + leier | =**orkesleier** |
| os + riem | =**osriem** |
| os + wa | =**ossewa** |
| pad + inspekteur | =**padinspekteur** |
| pak + huis | =**pakhuis** |
| pan + koek | =**pannekoek** |
| peer + boom | =**peerboom** |
| | =**pereboom** |
| perd + hoef | =**perdehoef** |
| perd + stal | =**perdestal** |
| plat + grond | =**plattegrond** |
| plat + land | =**platteland** |
| plat + riem | =**platriem** |
| ploeg + skaar | =**ploegskaar** |
| pot + bakker | =**pottebakker** |
| pot + deksel | =**potdeksel** |
| pot + hingsel | =**pothingsel** |
| pot + lepel | =**potlepel** |
| pronk + ertjie | =**pronk-ertjie** |
| rand + steen | =**randsteen** |
| reis + sak | =**reissak** |
| reus + arbeid | =**reusearbeid** |
| reus + arm | =**reusearm** |
| rib + been | =**ribbebeen** |
| rib + kas | =**ribbekas** |
| rib + stuk | =**ribstuk** |
| ru + gare | =**ru-gare** |
| rug + are | =**rug-are** |
| rug + pyn | =**rugpyn** |
| sak + doek | =**sakdoek** |
| sak + mes | =**sakmes** |
| sak + roller | =**sakkeroller** |
| salaris + skaal | =**salarisskaal** |
| see + eend | =**see-eend** |
| siel + leed | =**sieleleed** |
| silwer + ketting | =**silwerketting** |
| skei + regter | =**skeidsregter** |
| skip + bou | =**skeepsbou** |
| skip + breuk | =**skipbreuk** |
| skip + brug | =**skipbrug** |
| skip + haak | =**skiphaak** |
| skip + kaptein | =**skeepskaptein** |
| skip + lading | =**skeepslading** |
| skip + ruim | =**skeepsruim** |
| skip + vaart | =**skeepvaart** |
| skip + vrag | =**skeepsvrag** |
| skop + boer | =**skoppensboer** |
| smid + winkel | =**smidswinkel** |
| somer + dag | =**somersdag** |
| speld + kussing | =**speldekussing** |
| staat + man | =**staatsman** |
| stad + houer | =**stadhouer** |
| stad + huis | =**stadhuis** |
| stad + klerk | =**stadsklerk** |
| stad + lewe | =**stadslewe** |
| stad + raad | =**stadsraad** |
| stal + perd | =**stalperd** |
| sterf + uur | =**sterwensuur** |
| suid + kant | =**suidekant** |
| suid + kus | =**suidkus** |
| suid + kruis | =**suiderkruis** |
| suid + son | =**suiderson** |
| suidpool + vaart | =**suidpoolvaart** |
| tabak + as | =**tabak-as** |
| tabak + saad | =**tabaksaad** |
| tand + arts | =**tandarts** |
| tand + borsel | =**tandeborsel** |
| ton + maat | =**tonnemaat** |
| tyd + perk | =**tydperk** |
| tyd + sein | =**tydsein** |
| tyd + skrif | =**tydskrif** |
| tyd + orde | =**tydsorde** |
| ui + slaai | =**uieslaai** |
| uie + oes | =**uie-oes** |
| vark + hok | =**varkhok** |
| vark + vleis | =**varkvleis** |
| vlieg + baan | =**vliegbaan** |
| vlieg + papier | =**vlieëpapier** |
| voël + hok | =**voëlhok** |
| Volk + bond | =**Volkerebond** |
| volk + digter | =**volksdigter** |
| volk + drag | =**volksdrag** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| volk + fees | =**volksfees** | wa + as | =**wa-as** |
| volk + planting | =**volksplan-ting** | wa + huis | =**waenhuis** |
| | | wa + spoor | =**waspoor** |
| volk + reg | =**volkereg** | wa + wiel | =**wawiel** |
| volk + saak | =**volksaak** | werk + goed | =**werkgoed** |
| volk + skool | =**volkskool** | werk + volk | =**werk(s)volk** |
| vrou + arbeid | =**vroue-arbeid** | werk + winkel | =**werkswinkel** |
| | | wes + grens | =**westergrens** |
| vrou + hater | =**vrouehater** | wes + kim | =**westerkim** |
| vrou + koor | =**vrouekoor** | wes + kus | =**weskus** |
| vrou + mens | =**vroumens** | wes + wind | =**westewind** |
| vrou + persoon | =**vrousper-soon** | wild + dief | =**wilddief** |
| | | wild + gans | =**wildegans** |
| vrou + saal | =**vrouensaal** | wild + hond | =**wildehond** |
| vrug + boom | =**vrugteboom** | winter + hande | =**winters-hande** |
| vrug + plaas | =**vrugteplaas** | | |
| vrug + boord | =**vrugteboord** | wolf + hok | =**wolwehok** |
| vrug + slaai | =**vrugteslaai** | wyfie + olifant | =**wyfie-olifant** |
| vy + blaar | =**vyeblaar** | | |